• **Gedigte**

Christine le Roux
gepreserveerde somer 147
selfportret in loodglas 147
kwiksilwerliefde 148

Fritz Kruger
Ouditeursverslag 149
Ekstase 150
The jester 151

Johann de Jager
Laaste taptoe 152

Pieter Verster
Bloed 153
Sonder onthou 153

Jossie Potgieter
In die land van die opkomende son 154

Peter Midgley
miskien moet ek 154
de belli carthagione 155
marcus aurelius rides again 156

M.L. Crous
Fragments against my ruins 157

• **Kortverhaal**

Manie Groenewald
By die begrafnis van 'n pop 158

Martin Labuschagne
Prentjies 159

Die rubriek *Litera* word finansieel gesteun deur/
The section *Litera* is financially supported by

STIGTING VIR DIE SKEPPENDE KUNSTE
FOUNDATION FOR THE CREATIVE ARTS

Rubriek vir skeppende werk

Met die afdeling *Litera* tree ons toe tot die mark vir skeppende werk in al die tale waar daar normaalweg in *Literator* geskryf word.

Dit is die wens van die Redaksie dat die gedigte en kortverhale wat hierby verskyn, baie gedigte, kortverhale en prosa- en dramafragmente in ander inheemse tale sal roep, sodat hierdie blad één geïntegreerde beeld van die korter skryfwerk van jong Suid-Afrikaanse skrywers kan bied.

Dit is met vreugde dat ons die uitnodiging aan veral digters en kortverhaalskrywers rig om skeppende werk voor te lê vir plasing in hierdie rubriek, met die voorbehoud dat ons nie oor die mannekrag beskik om daaroor te korrespondeer nie. Bydraes in **viervoud** moet in dubbelspasiëring getik wees, met die naam en adres van die insender regs bo aan die eerste blad van gekramde tekste en op elke losbladvel wat gestuur word.

Stuur alle bydraes aan die Hoofredakteur, *Literator* (629), Buro vir Wetenskaplike Tydskrifte, Privaatsak X6001, Potchefstroom 2520.

Section for creative writing

In introducing the section *Litera* we are entering the market for creative work in all the languages that *Literator* normally caters for. It is the wish of the Editorial Board that the poems and short stories printed in this issue will only be the precursor of many poems, short stories, prose and drama fragments in all the indigenous languages, so that the journal will be able to present one integrated image of the short pieces of writing which young South Africans can offer.

It is with great joy that we extend this invitation to especially poets and short fiction writers to submit creative work with a view to publishing them in this section. The only reservation is that we do not have the manpower to enter into correspodence about the works submitted. **Four copies** of contributions have to be submitted. The submissions have to be typed in double spacing, with the name and address of the author at the top right of the first page of stapled text, and on every loose sheet sent in.

Send all contributions to the Editor-in-Chief, *Literator*, (629), Bureau for Scholarly Journals, Private Bag X6001, Potchefstroom 2520.

Christine le Roux

gepreserveerde somer

ook dié seisoen is oor
en kolle appelkoos
op swart skerms
van toegeknipte oë
wat bid om te onthou

ons lê verpulp –
gesuspendeer in bottels bottels rak op rak
gepreserveer
in suiker en pektien

en elke brekfis by die houttafel
smeer ek jou op my bitter brood
eet ek met elke hap
herinnerings –
dié somer, wat drie dae was

selfportret in loodglas

die middag val gebreek
in rooi en blou en groen
deur haar vertrekte stil gelaat;
werp skaduwees van kleur,
kaleidoskope skewe lig
bo-oor die loom rusbank
en dring deur my – skrapnel

refraksies lig keer terug
gebroke, na die bron
en reflekteer skerwe van vrou

Christine le Roux

kwiksilwerliefde

verruklike korrel klein kwik
rol kompromisloos rond
binne die holte van my hand
bekoorlike borrel grys gif
gly deur die splete van my greep
ongekompromitteerd
en splits buite bereik

onwillig tot besit
onwennig tot verbintenis
lê onvernietigbaar
en individueel
potensieel, partikels dood

versprei tussen jare en dae
adem ek nog
gifgasse van vergryp
en sterwe molekuul
op molekuul

 ISSN 0258-2279 *Literator 17(2) Aug. 1996:147-148*

Fritz Kruger

Ouditeursverslag

(he agape ... ou logizetai to kakon)

die liefde hou nie boek van die kwaad
dus kan ons feilloos aflei: van die goeie wél
maar om die ewewig en die balans het God
ook afstand kommer pyn verlange ingeskryf
in sy joernaal waar Hy met sorg noteer
dat so en so vandag 'n paaiement
van trane en van lag kom inkasseer

bevredigend lê dan by my die wete:
uiteindelik sal God se boeke klop

Fritz Kruger

Ekstase

ek het in tomstraat afgeloop
op maandag
om halfelf
septembermaand
in negentien twee en negentig
soos elke week dieselfde tyd dood
verveeld tot sterwens toe betrokke
by niks en niemand net myself

en tog –
God weet

ek moes met geweld my knieë stuit
om nie in die kruising verruk te kniel
in aanbidding van die heiligende Lig
wat so heel doodgewoon en helder
oordag van die wêreld besitneem
om parousiaal die dag van die Here
grasgroen hier voor my oë te voltrek nie

God weet

die apokalips van 'n akkerboom
kondig net so seker as sy engel aan:
'n teofanie

Fritz Kruger

The jester

(after a painting by Marriana Booyens)

your fingers reached out to touch him
you with the wings of an angel
the tensed light in your eyes traced him
you with the face of a saint
your mind made images and shapes
transformed them into portraits
wiped out reshaped and jotted down
by fingers frustratingly rejected
he crossed his arms and shut you out
hurried away in his awkward gait
and left you infinitely sad
what could you do but paint –
an angel a clown and a man
and in between your fingers white
with fire of aching compassion
their fragile touch now safely varnished
their tenderness enshrined in art
made everlasting by the strange complicity
of colour shape and line

he can do naught to change it now:
the kindness of your art is cruelty to him

Johann de Jager

Laaste taptoe

(Brug oor die Rubicon?)

lets soos
'n visvin flap vir laas,
verdwyn, soos lig,
in laaste rimpelings af
na bodemloosheid onder.
Die oppervlak heel weer
tot grafstil, dooie oliepoel;
en ons staan bewend
op die brug en voel
die weedom van totale sterflikheid
só aan. Voortaan sal niemand
meer oor hierdie stroom
wil gaan nie,
ons brug, ons vrees is nodeloos.
Want daar gaan niemand
met 'n wil meer wees nie
om brûe op te blaas,
nadat hul oorgestrompel het,
in nuwe vorms tirannie
bevryding van die oue vind.

Pieter Verster

Bloed

As kapelaan het ek die Bybel gelees,
op parade,
in die wit son van Owamboland,
maar min het ek vermoed
hoe die wyn wat herinner aan sy bloed
daardie dag,
in die laaste rituele van 'n nagmaal,
weer die gedagtenis sou herhaal,
toe mortierskerwe
soldate bebloed laat
terwyl die stil nag daal.

Sonder onthou

Nou is ons woorde soos 'n rimpeling op die dam.
Dit kring uit
en versteur nie die rus nie.
Ons praat saggies,
soos mense wat nooit weer bymekaar sal kom nie.
Die oorlog is geen herinnering nie –
Dit is verby
sonder ons.

Jossie Potgieter

In die land van die opkomende son

Bo die land het die welige krisant wit oopgebloei,
ver daarvandaan gil die blinde kind: "Ek sien lig!"
Op Los Alamosgrond plof-plof voëls neer, oë uitgegloei.
In die vulkaan het iemand die kliptrap soos 'n skadu binnegevloei

Peter Midgley

miskien moet ek ...

miskien moet ek 'n nuttelose gedig skryf
sonder seks sonder geweld sonder politiek
sonder liefde
met slegs woorde van papier
om my tong te streel en hom dan
opvou soos 'n jet
en hom in sy moer in stuur

Peter Midgley

de belli carthagione

vlymskerp hannibal pyl op rome af;
grote afrika trompetter sy geskil oor die alpe,
dryf die veldheer heen en oor die rubicon:
swaar luidende simbale en klinkende metale skater
vrede vrede vrede aan alle nasies

in rome word scipio africanus log saamgekrap,
karthago die mikpunt.
equites tril volbloed-angstig
oor snuf van *cursus honorum, ager publicus*
trippel koorsagtig op sicilliese strande.

in karthago slyp inwoners hul tande.
slegs spiesgooi ver van sy gehate stad
word balcar teruggeroep:
romeinse juk rus swaar op trotse skofte.

kloue geknip slu hy terug na eie rykdomme
daar wag lang jare se brandende woede
krummel die tierende vasteland
tot spiralende kolle as.

Peter Midgley

marcus aurelius rides again

daar's 'n kafee vol drome in die middestad van rome
waar die laaste goeie keiser sy perd parkeer
voor die city hall, uitkyk oor sy verwronge stad
en koes as bomme val oor sy oratorshand.
van vervalle groen koper gegiet volgens
verlore wasmetode loer aurelius na sy volk
– hulle het hom nooit verloën – geslag
na geslag na geslag dieselfde woorde van verrottende stilte

in rome herbou hulle drome: ou profete op die piazza
wet en orde. verleen prioriteit aan agente van vernietiging,
plaas perde op pedestals van michaelangelo
die dromer: "loop!"
beveel die kunstenaar die beeld
maar al wat roer is die groen sweet van die eeue

 ISSN 0258-2279 *Literator 17(2) Aug. 1996:154-156*

M.L. Crous

Fragments against my ruins

I

Rhapsody on a sleepless night

demons bludgeon me awake
chanting a netherworldish rhythm
in their ghoulish tongues:
at midnight
no sounds from the pavement
the moon – a harsh mistress –
embraces you with the tango of her hips
lures you out into the street
to a whirlpool
where siren and sleeper alike succumb
to the sweet smell of love
in strange forbidden alleys.
at two in the morning
the silver slimy fingers of the moon
leaves the traces of an illicit rendezvous
in a cheap back street hotel
on my belly and on my thigh.

II

Sweetie evicted

somewhere in some forgotten motel
on some forgotten highway
i flushed you away
left the smell of your crevices
in the musty towels above the bath
swallowed the last taste of you
with tasteless coffee from a paper cup
buried you with the last stroke
of a pen in a notebook

III

Silent man

the fade to grey photo
of you on the wall
tells me it's time
to die

By die begrafnis van 'n pop

Manie Groenewald

Hy ontdek die slaappop onder 'n selonsroos. Dit moes daar laat lê gewees het nadat die speletjie verby was. Sy slap, leë hande word krampagtig vuiste. *Hulle het haar gebreekte liggaampie onder 'n bos gevind.*

Hy wil die pop begrawe en soek 'n graaf; kry toe een op die ou plek en is verbaas daaroor. Hy grawe 'n vlak graf. *Gister s 'n was dieper soos dit hoort.*

Die pop is gehawend. Waar die oë moet wees, is net twee gate en een been makeer. Tog, dit sou steeds kon sien. En kon huppel. *Die huppelkind was lank dood voordat sy gesterf het. Voordat haar gebruikte lyfie weggegooi is.*

Hy omklem die graaf. Sy kneukels staan wit uit. Hy voltooi die graf.

Hier is tee, sê sy vrou van voorheen. Ook die stilte tussen hulle het dieselfde gebly. Net twee sinne was daar vandat hulle hom laat kom het.

– Kon julle nie maar beter omsien dat die hekke behoorlik gesluit is nie?

– Geen hek hou 'n kind binne wat na haar pa wil gaan soek nie.

Hy lê die pop neer. Die gate staar boontoe voordat hy dit toegooi. Net 'n klein hopie omgewoelde grond bly oor.

Die kinders van langsaan kom met hulle bloedblomme. Dit is dus dié Vrydag. *Het niks dan verander nie?*

Hy plant die rooi blomme op die nuwe graffie. *Vandag herdenk hulle die dood van die Een wie se liggaam destyds gebreek is.*

Prentjies

Martin Labuschagne

In die badkamer spoel die kraanwater in die wasbak. 'n Traan drup uit oor haar wang. Ag wat, byt sy op haar lip en probeer die koffie wat Karel in een van sy buie op die mat gegooi het met die lap opvee.

Wat kan sy tog anders doen. Sy is 'n vrou al ryp om die oë en met 'n kind uit 'n vorige huwelik in 'n huisie met 'n sinkdak en vensterrame wat jare al afdop, iewers in 'n godverlate voorstad. Toe hulle getrou het, het hy gesê dat dit nie na veel lyk nie, maar hy sal dit nog opfix.

Maar dis al soveel jare later en die verf dop nou meer af.

Eers nadat hy sy baadjie gegryp het en by die huis uitgestorm het, het sy dit gewaag om na haar seerplek in die spiëel te kyk. Haar ooglid was al pap en dik soos 'n nat spons. Om weer met die sonbril-roetine by haar vriende te kuier maak nie seer nie. Ag, sy worry tog nie meer wat hulle dink nie. Nee, die seer is die prentjies wat seergekry het. Hy het hulle stukkend geskeur. Hoekom? Hulle het hom tog niks gemaak nie.

Dit lê orals, die snippers, die skerfies van haarself – in die badkamer, op die stoep, in die straat, oor die hele buurt.

Haar prentjies se snippers.

Sy het honderde van die goedjies gehad, sorgvuldig uitgeknip en op haar kasdeur geplak. Klein droompies, klein wensies wat sy vir haarself geëien het. Drome oor Parys, Amsterdam en Monaco. O Monaco, sy in 'n rooi sportmotor en die wind in haar hare.

En sy weer negentien.

Dan sal sy dit dié keer reg doen. Vir hom met sy blink drome en beloftes, sal sy weghou en uit die agterste sitplek van sy Ford bly. Die kind laat aanneem, weggee, weggooi.

En sy sal weer negentien wees.

Die idee het haar eers regtig aangegryp toe sy in die kombuis met 'n kannetjie gespuit het. Alhoewel sy dit vroeër gedink het, het dit nou eers 'n werklike plan

vir haar geword. Dalk het wat vannoggend gebeur het, haarself finaal in stukke geskeur.

Snippers van haar prentjies, haar ...

Sy skud haar kop om die gedagte uit haar te kry.

Spuit, vee. Spuit, vee. Spuit ... vee.

Sê nou net dis hoe die lewe moet loop, sê nou net dit is destiny.

En dan was daar die snippers, ... hy het alles afgeskeur en op die vloer gesmyt. Wat het hy in elk geval in haar kas gesoek?

Haar knieë was rooi toe sy opstaan en die lap in die kombuis se wasbak gooi. Koffie is die gedagte waarmee sy die versoeking probeer neutraliseer.

Gretig slurp sy die bruin vloeistof op – ingedagte. Sy weet tog waar dit is, niemand sal haar kan keer nie. Dalk is dit hoekom sy van die gedagte hou.

Niemand, herhaal sy, en sluk die laaste konkoksie suiker en koffie-melk weg.

Later maak sy die slaapkamers skoon. Met aggressiewe hale hoover sy eers die matte in elke kamer voordat sy die meubels poleer.

Die dogtertjie se kamer. Dan hul slaapkamer. Hier vee sy die kaste klinies skoon, elke hoekie, elke inham vryf sy blink. Sy versorg dit met pynlike presiesheid want dis die fetisj van haar hartseer.

Niemand nie. Dit bly kom en kom en kom. Sy vryf harder. Niemand nie, dis 'n eggo. Niemand nie, wat nou 'n koor word. Niemand nie.

Die lap plof teen die muur. Haar hare krap sy uit haar oë uit.

Niemand.

'n Snik proes uit haar gesig, maar sy sluk dit onmiddellik weer terug.

Niemand nie.

Niemand.

Parys het altyd so mooi gelyk op die foto'tjies. Dit het so mooi gelyk dat sy al hope brosjures versamel het. En, as haar man weg werk toe is, het sy dit met vaardige vingers gesny tot klein portrette wat sy met gom op haar kas kon plak. Maar haar gunstelingplek was nog altyd Monaco gewees. Eendag, het sy haarself belowe, gaan sy nog soontoe.

Dan sal sy weer negentien wees. In 'n rooi sportmotor met die wind deur haar hare.

Die bedkassie se laai was swaar en het lui gesteun toe sy dit ooptrek. Daar het dit gelê, soos 'n swart hand – swygend in antisipasie.

Niemand nie.

Die ding was swaarder as wat sy verwag het. Dit het soos op tv gelyk, maar dit het so anders gevoel.

Niemand nie.

Sy kon Karel se gesig al sien. Die gemors gaan sy nie agter hom skoonmaak nie.

Niemand nie.

Toe die koeël deur die loop suis, was sy skielik weer negentien, iewers in Monaco in 'n rooi sportmotor met die wind in haar hare.